Brambles

# Gedragskode

## Die bou van 'n meer volhoubare toekoms in ooreenstemming met ons gedeelde waardes. Om met integriteit en respek werksaam te wees teenoor ons mense, die voorsieningsketting, ons maatskappy, die omgewing en die gemeenskappe waarin ons werksaam is.

Gewysig: 1 Januarie 2020

## ’N BOODSKAP VAN DIE UITVOERENDE HOOF

Brambles se doel is om mense elke dag met die lewe se noodsaaklikhede te verbind. Met wêreldwye voorsieningskettings wat ontwikkel, is dit deurslaggewend dat ons demonstreer waarom dit saak maak wat ons doen – nie net in ons bedryf nie, maar ook in die samelewing en die wêreld. As die onsigbare ruggraat van die wêreldwye voorsieningsketting kan ons ’n positiewe verskil aan samelewings en lewens maak.

Brambles se gedragskode beskryf ons kernwaardes en -standaarde vir hoe ons sake doen. Dit weerspieël ons verbintenis daartoe om elke enkele dag te doen wat reg is, en om volgens die hoogste standaarde van integriteit en etiese gedrag op te tree. Deur volgens hierdie waardes op te tree sal ons nie net die voorsieningsketting kan verbeter nie, maar ook die gemeenskappe waarin ons woon en werk.

Elkeen van ons is persoonlik verantwoordelik vir die kultuur van voldoening en etiek by Brambles, omdat elke stap wat ons doen of besluit wat ons neem die moontlikheid inhou om ons reputasie te beïnvloed en die resultate wat ons behaal. Deur te voldoen aan die beginsels wat in die gedragskode uiteengesit word, demonstreer elkeen van ons leierskap en ons verbintenis tot Brambles. Ek moedig u aan om uself met die gedragskode en beleid om uit te praat vertroud te maak, en om **Uit te praat!** as u twyfelagtige optrede of gedrag raaksien of vermoed.

Ons fantastiese mense en die positiewe invloed wat ons op die wêreld het, is net ’n paar van die redes waarom ek so trots is om hierdie onderneming te lei. Saam kan ons ’n ware bydrae maak tot ’n slimmer, meer volhoubare toekoms.



**Graham Chipchase**
**Uitvoerende Hoofbeampte**

## Inhoud


Inleiding 3

Die beskerming van ons mense en ons werkplek 9

Die beskerming van die voorsieningsketting 14

Die beskerming van ons maatskappy en ons aandeelhouers 20

Die beskerming van ons gemeenskappe 24

# INLEIDING

- Ons gedragskode:
'n Fondament vir etiese gedrag
- Geld die kode vir my?
- Hoe moet ek die kode aanwend?
- Waar kan ek Brambles se korporatiewe beleide vind?
- Wat gebeur as iemand die standaarde oortree wat in die kode uiteengesit word?
- Met wie kan ek praat as ek vrae of bedenkinge oor misstappe het?
- Wat gebeur as ek uitpraat?
- Geen verdraagsaamheid vir vergelding nie



# Inleiding

## Ons gedragskode: 'n Fondament vir etiese gedrag

Ons is daartoe verbind om elke enkele dag te doen wat reg is. Dit beteken ons doen sake op 'n eerlike en deursigtige manier, in ooreenstemming met ons gedeelde waardes en ingevolge alle toepaslike wetgewing, reëls en regulasies, en ons maatskappy se beleide, prosedures en riglyne. Dit beteken ons tree met die uiterste integriteit op en word deurlopend deur sterk etiese waardes aangespoor.

Hierdie gedragskode is een manier waarop ons by Brambles ons gedeelde waardes by ons sakewerksaamhede inkorporeer. Dit beskryf ons verhouding met ons werknemers, ons klante en verskaffers, ons aandeelhouers en die gemeenskappe waarin ons woon en werk.



## Ons gedeelde waardes

Ons doel is om mense elke dag met die lewe se noodsaaklikhede te verbind. Ons doen dit deur meer goedere na meer mense te verskuif, op meer plekke as enige ander organisasie op aarde, op ons 300 miljoen bates wat deurlopend in meer as 55 lande beweeg.  Maar hoe ons dit doen, is net so belangrik as wat ons doen.

Ons kode vereis dat elkeen van ons elke dag doen wat reg is. Maar wat reg, regverdig en voldoenend is, is nie altyd voor die hand liggend nie, veral wanneer ons sakedruk of teenstrydige prioriteite in die gesig staar. As u 'n moeilike situasie in die gesig staar, sit 'n oomblik terug en oorweeg ons gedeelde waardes:

- **Alles begin met die klant.** Ons behandel ons klante soos ons wil hê en verwag dat ons behandel moet word. Ons luister na hul behoeftes, ons begryp hul doelstellings en doelwitte, ons lewer onverbeterlike waarde en gehalte, ons verlaag kostes in die voorsieningsketting en ons verminder afval in die omgewing.
- **Ons het 'n passie vir sukses.** Ons het 'n passie vir uitnemendheid en sukses.
- **Ons is verbind tot veiligheid, diversiteit, mense en spanwerk.** Ons weet dit neem mense met verskillende idees, belange en agtergronde om Brambles te laat slaag, en ons moedig gesonde debat en meningsverskille aan.
- **Ons glo aan 'n kultuur van vernuwing.** Ons wil hê vernuwing moet die hele tyd en oral gebeur. Moenie bang wees om 'n risiko te loop (solank dit natuurlik eties is), kreatiwiteit te inspireer en te leer uit die uitkomste nie.
- **Ons tree altyd wettig, eties en met integriteit en respek vir die gemeenskap en die omgewing op.** Ons is leiers in volhoubaarheid en die sirkelvormige ekonomie. Dit is nie 'n slagspreuk of 'n bemarkingsveldtog nie. Dit is ons manier van sake doen – ons lewenswyse. Maar ons kan nie Brambles voorhou as 'n wêreldwye omgewings-, sosiale en ekonomiese leier as elkeen van ons nie bereid is om op te staan en te doen wat reg is nie, selfs al is dit moeilik. Vra uself af: "Is wat ek doen wettig; gedra ek myself eties; tree ek met integriteit op en toon die moed wat vereis word om 'n beter, meer volhoubare toekoms op te bou?"

Vir bykomende insig oor hoe ons by Brambles ons gedeelde waardes by ons onderneming inkorporeer, gaan asseblief Brambles se Beleid oor korporatiewe sosiale verantwoordelikheid na.

## Geld die kode vir my?

Brambles se gedragskode moet deur enigeen gehoorsaam word wat by Brambles werk of Brambles verteenwoordig. Dit sluit in alle direkteure, beamptes en werknemers van Brambles, en alle dogtermaatskappye en beheerde filiale van Brambles, tesame met hul direkteure, beamptes en werknemers.

## Hoe moet ek die kode aanwend?

Die kode verskaf ’n gemeenskaplike gedragsraamwerk vir alle werknemers van Brambles, ongeag hul ligging, regstreekse werkgewer of werktitel. Dit vereis dat ons alle toepaslike wetgewing, reëls en regulasies nakom, asook ons maatskappy se beleide, prosedures en riglyne, en dat ons eerlik, eties en met integriteit optree. U moet die kode lees en tyd daaraan bestee om Brambles se verwagtinge te verstaan, en hoe hierdie verwagtinge op u en u rol van toepassing is. Indien ’n situasie dan ontstaan, moet u die kode raadpleeg, veral as dit regs- of etiese risiko’s vir u of Brambles inhou.

Hoewel die kode deeglik is, is dit nie allesomvattend nie en kan dit nie elke situasie vooruitsien waarin u u mag bevind nie. Gaan asseblief die beleide na wat in hierdie kode genoem word vir bykomende inligting, asook die gedetailleerde beleide, prosedures of riglyne wat deur u onderneming in ooreenstemming met plaaslike vereistes ontwikkel is, of raadpleeg u bestuurder, enige lid van die regs- of mensehulpbronspan of die Praat uit-hulplyn vir leiding.

## Wat is ons algemene beginsels vir sakeïntegriteit?

Die kode beskryf nie elke sakepraktyk nie en beantwoord nie elke vraag nie. Indien u ooit onseker is wat die regte ding is om te doen, onthou ons algemene beginsels vir sakeïntegriteit:

- Alle sake moet in ooreenstemming gedoen word met die wette en regulasies in die land waar die onderneming geleë is.
- Ons ding regverdig mee in die markte waarin ons werksaam is.
- Ons moet veilig werk en beste bedryfspraktyke toepas op die gesondheid, veiligheid en welstand van ons werknemers, klante, verskaffers en die gemeenskappe waarin ons werksaam is.
- Ons moet daarvoor mik om langtermynvoordele aan Brambles te bring, eerder as korttermynvoordeel vir individue ten koste van die organisasie se langtermynbelange.
- Ons geloof in mense en spanwerk vereis samewerking met ons kollegas dwarsdeur die groep om ons korporatiewe doelwitte te bereik.
- Ons woorde en optrede moet respek toon teenoor die diverse verskeidenheid mense en kulture saam met wie ons werk, asook vir hul menseregte.
- Korrupte praktyke is onaanvaarbaar. Geen omkoop-, onder-die-tafelgeld of soortgelyke betalings sal aan enige party gemaak word of daarvan aanvaar word nie.
- Alle kommersiële transaksies sal behoorlik en akkuraat aangeteken word.
- Verkoopsagente, konsultante en soortgelyke adviseurs sal in ooreenstemming met hierdie beginsels aangestel word en teen ’n koers betaal word wat met die waarde van hul dienste ooreenstem.
- Bates en vertroulike inligting moet ten volle beskerm word en mag nie deur werknemers vir persoonlike gewin aangewend word nie.
- Werknemers mag nie betrokke wees by optrede wat ’n botsing tussen hul persoonlike belange en die belange van Brambles inhou of so mag lyk nie.
- Brambles maak nie politieke donasies nie.

### Waar kan ek Brambles se korporatiewe beleide vind?

Brambles se beleide is op Walter beskikbaar. Beleide wat spesifiek die gedragskode ondersteun, kan gevind word deur op enige van die skakels te klik wat in die kode voorkom, deur die [Forum vir wettigheid en voldoening] op Walter te besoek of 'n gedrukte weergawe by u aanleg of dienssentrum na te gaan. Hierdie beleide verskaf bykomende besonderhede oor spesifieke onderwerpe wat deur die kode gedek word en dek ook ander onderwerpe wat nie in die kode bespreek word nie. Elke werknemer van Brambles is verantwoordelik om al Brambles se beleide te ken, te verstaan en te gehoorsaam.

### Wat gebeur as iemand die standaarde oortree wat in die kode uiteengesit word?

Die nakoming van die gedragskode is 'n voorwaarde van indiensneming. Versuim om die kode te volg kan uitloop op korrektiewe stappe, tot sover as afdanking.



### Met wie kan ek praat as ek vrae of bedenkinge oor misstappe het?

Vertroue en integriteit is deurslaggewend vir Brambles. Wangedrag en wanpraktyk verbreek vertroue en stel ons reputasie en onderneming in gevaar. Die beste manier om vertroue te beskerm is vir werknemers wat eerlike bedenkinge oor misstappe het om te weet hulle het 'n veilige omgewing waarin hulle kan uitpraat sonder vrees vir vergelding of weerwraak. Hoewel dit moeilik kan wees om uit te praat vereis ons gedeelde waardes dat ons die regte ding doen, selfs al is dit ongemaklik.

Vir meer inligting oor wat om te doen as u misstappe wil aanmeld, gaan asseblief die Praat uit-beleid na.

### Doen die regte ding. . . Ons gaan oor voldoening

Daar is verskeie maniere om misstappe ingevolge ons Praat uit-beleid aan te meld. U kan die volgende kontak:

- U bestuurder;
- U bestuurder op die volgende vlak;
- Enige lid van die regs-, voldoenings-, of interne of eksterne ouditspan;
- Die voorsitter van Brambles se direksie, of
- Die voorsitter van Brambles se ouditkomitee.

Daarby kan misstappe deur ons Praat uit-hulplyn aangemeld word wat rapportering 24 uur per dag, 7 dae per week deur 'n onafhanklike derdepartydiensverskaffer moontlik maak. Om misstappe met die Praat uit-hulplyn aan te meld kan u na www.brambles.ethicspoint.com, gaan. Dit verskaf 'n lys van land- of streekspesifieke plaaslike of tolvrye telefoonnommers of skakels na die beskikbare aanlyn aanmeldstelsel. U kan ook die telefoonnommer bel wat op die Praat uit-plakkate verskyn wat dwarsdeur u aanleg vertoon word.

## Wat gebeur as ek uitpraat?

Brambles sal op alle versoeke om advies of inligting reageer en sal, indien gepas, alle verslae van misstappe ondersoek, waaronder enige oortreding van hierdie kode, maatskappybeleid en toepaslike wetgewing of regulasies. Enige verslag van misstappe sal ernstig opgeneem word en vertroulik ondersoek word.



### Die aanmelding van kwellings

**V: Ek het met my bestuurder gepraat oor 'n situasie wat ek dink 'n oortreding van die gedragskode is.** Ek dink nie sy het enigiets daaraan gedoen nie, en sy het vir my gesê om nie bekommerd te wees nie. Ek is bekommerd daaroor. Wat moet ek doen?

**A: U word aangemoedig om eers met u bestuurder te praat omdat sy 'n belang daarby het om 'n etiese omgewing te bevorder en 'n verpligting het om die kode te handhaaf.** As u egter om enige rede nie gemaklik voel om met u bestuurder te praat nie of voel dat niks omtrent u kwelling gedoen is nie, moet u u bestuurder op die volgende vlak kontak, of enige lid van die regspan of die Praat uit-hulplyn.

### Neutrale ondersoek

**V: Wat gebeur as iemand my van 'n misstap beskuldig, al het ek niks verkeerds gedoen nie?**

**A: Brambles neem nie aan 'n misstap het plaasgevind net omdat iets aangemeld is nie.** Pleks daarvan sal ons met 'n neutrale ondersoek begin met geen aannames of vermoedens oor die klag of die partye wat betrokke is nie.

## Geen verdraagsaamheid vir vergelding nie

Onthou, Brambles het geen verdraagsaamheid vir vergelding nie. Dit beteken niemand in die maatskappy kan u op enige manier bestraf solank u 'n redelike rede tot kommer het.

## Ons gaan oor voldoening

Ons gaan oor voldoening. Dit beteken elke werknemer by Brambles het sowel die geleentheid as die verantwoordelikheid om ons kultuur van etiek en voldoening uit te bou. En diegene wat mense bestuur, onder wie ons senior bestuurders en uitvoerende beamptes, dra 'n spesiale verantwoordelikheid om die leiding te neem. Ons verwag van ons bestuurders om 'n kultuur te skep waarin alle werknemers hul verantwoordelikhede verstaan en gemaklik voel om kwellings te opper sonder vrees vir vergelding of weerwraak.

**Ons bestuurders moet die volgende doen:**

- Persoonlik 'n voorbeeld van integriteit stel. Dit beteken hulle moet as rolmodelle optree, nie net in wat hulle sê nie maar ook in hul dade;
- 'n Eerlike en etiese kultuur ondersteun. Dit beteken hulle moet verseker werknemers begryp dat sakeresultate nooit belangriker is as etiese optrede en voldoening aan die kode en ander beleide van Brambles nie;
- Optrede erken en beloon wat 'n voorbeeld van die kode en ons gedeelde waardes is;
- 'n Oop omgewing skep waarin elke werknemer gemaklik voel om kwellings te opper;
- Help om die kode af te dwing, en
- Enige oortreding of potensiële oortreding van die kode betyds en deur die gepaste kanale aan te meld, indien en soos deur die Groepriglyne vir die aanmelding van ernstige voorvalle, vereis word.

Soos u meer in ons Beleid oor deurlopende openbaarmaking en korporatiewe kommunikasie, sal lees, moet sekere lede van Brambles se leierskorps volledige, regverdige en akkurate openbaarmakings in dokumentasie aan die Australiese aandelemark en ander openbare kommunikasie oor ons finansiële toestand maak. Dit is te verstane dat hul verklarings en optrede op hierdie gebied die toon stel vir hoe Brambles deur die buitewêreld beskou word. Dit is dus deurslaggewend dat bestuurders Brambles se leierskorps bewus maak van enige oortreding of potensiële oortreding van die kode wat dalk Brambles se openbaarmakings kan beïnvloed. Raadpleeg asseblief die Groepriglyne vir die aanmelding van ernstige voorvalle vir meer leiding oor wat bestuurders moet aanmeld en by wie hulle dit moet doen.





# DIE BESKERMING VAN ONS MENSE EN ONS WERKPLEK

- Ons hou mekaar veilig
- Diversiteit
- Menseregte
- Kinderarbeid
- Gedwonge arbeid
- Vryheid van assosiasie
- Werknemerprivaatheid
- Ons vermy belangebotsings by die werkplek

## Die beskerming van ons mense en ons werkplek

Die ondernemingsgees van ons werknemers is een van ons by Brambles se grootste bates en ons is daartoe verbind om ons werknemers regverdig te behandel. Werknemers moet voel dat hulle in vertroue enige probleem kan bespreek wat met hul diens by Brambles verband hou. Hulle moet sodanige probleme kan opper met die vertroue dat Brambles regverdig, onpartydig, vertroulik en so gou as wat prakties is daarop sal reageer.

Ons is ook verbind tot die veiligheid en sekuriteit van ons werknemers.

### Ons hou mekaar veilig

Brambles voldoen aan alle toepaslike wetgewing in verband met gesondheid, veiligheid en die omgewing. Met dit in gedagte ontwikkel en volg ons veilige werkprosedures om werkplekveiligheid te verseker en beserings te voorkom, en u moet die volgende doen:

- Alle beleide oor gesondheid, veiligheid en die omgewing begryp en daaraan voldoen in soverre dit op u, u perseel of werksaamheid van toepassing is;
- Nooit veiligheidsprosedures kompromitteer om operasionele teikens te bereik nie;
- Redelike sorg dra oor u eie gesondheid en veiligheid, sowel as dié van u kollegas;
- Veilige werkpraktyke volg en alle werkplekgevare, -voorvalle en naelskraapse ongelukke aanmeld;
- Onveilige of onbehoorlike werksaamhede bevraagteken en aandring op 'n "staak werk" indien nodig om daaraan aandag te gee, en
- Alle ernstige gesondheids-, veiligheids- of omgewingsvoorvalle by Brambles se uitvoerende leierspan aanmeld.

Gaan asseblief die Beleid oor gesondheid en veiligheid na vir meer inligting oor Brambles se verbintenis tot alle toepaslike wetgewing oor gesondheid, veiligheid en die omgewing.

Brambles is ook daartoe verbind om Geen skade nie na te streef. Dit beteken ons is daartoe verbind om geen beserings, geen omgewingskade en geen nadelige invloed op menseregte nie te bereik. Brambles het 'n Handves van geen skade nie. aanvaar om hierdie beginsels te vervul. Hierdie handves sit die waardes en optredes uiteen wat vereis word om veilig te werk en omgewingsvoldoening te verseker. Dit geld vir alles wat ons doen – hetsy die bou of herstel van ons toerusting, die bestuur van vragmotors of vurkhysers, of die wegdoening van afval.



### Doen die regte ding. . . Ons gaan oor voldoening

Die eliminering van of waak teen gevare begin met die identifisering en aanmelding daarvan. Meld alle naelskraapse ongelukke en voorvalle aan. En praat uit teenoor u bestuurder of enige lid van die gesondheid-, veiligheid- en omgewingspan as u bewus is van enige gevare wat misgekyk of geïgnoreer is. Voorbeelde kan die volgende insluit:

- Versuim om regulatoriese permitte te verkry of daaraan te voldoen;
- Versuim om veiligheidsbeleide, -prosedures of -praktyke te volg, selfs as sulke afwykings gebruik of roetine geword het;
- Gereedskap of toerusting wat onvoldoende onderhou is;
- Onveilige bestuurspraktyke, en
- Ontbrekende masjienreëlings, of foutiewe of ontbrekende toerusting vir persoonlike beskerming

## Diversiteit

By Brambles verwelkom ons diverse agtergronde, lewenservarings en standpunte, en ons erken dat ons verskille ons vermoë tot vernuwing versterk en ons vermoë om ons klante te bedien. Ons het 'n jarelange verbintenis tot gelyke geleenthede en is toegewyd aan die handhawing van werkplekke wat vry is van diskriminasie of teistering op grond van ras, geslag, kleur, nasionaliteit of nasionale oorsprong, klas, geloof, ouderdom, gestremdheid, huwelikstatus, seksuele oriëntasie, geslagsidentifikasie, politieke opinie of enige ander status wat deur toepaslike wetgewing beskerm word. Ons behandel mekaar met respek; ons heg waarde aan mense se bydraes en ons kyk uit vir dit waaroor ons eens is.

Ons wil in elke land en kultuur 'n voorkeurwerkgewer wees. Ons werf, stel aan, plaas, lei op, kompenseer en bevorder die beste mense vir die werk op grond van meriete en werkverwante vaardighede. Wat meer is, ons duld nie minagtende of onvanpaste gedrag, onregverdige behandeling of vergelding van enige aard by die werkplek nie en ook nie onder enige werkverwante omstandighede buite die werkplek nie. Ons verbintenis tot hierdie waardes word uiteengesit in ons Beleid oor diversiteit en menseregte and our Wêreldwye beleid oor waardigheid by die werk.

**As 'n werknemer van Brambles verwag ons die volgende van u:**

- Ondersteun Brambles in ons pogings om 'n diverse arbeidsmag te ontwikkel en te bevorder;
- Wees bedag op hoe u met u kollegas by die werkplek omgaan, en spesifiek met diegene in posisies met minder gesag. Behandel ander regverdig en met respek en waardigheid, en moet nooit diskrimineer, teister of afknou nie;
- Tree onder alle omstandighede professioneel op, waaronder tydens gesprekke, vergaderings, in e-poskommunikasie en ander vorms van aanlyn uitruilings, en skep 'n inklusiewe, positiewe omgewing wat die opinies van ander van waarde ag. Wees op die uitkyk vir diskriminasie, teistering of afknouery, en
- Praat uit teenoor u bestuurder, 'n lid van die regs- of mensehulpbronspan of gebruik een van die meganismes wat in die Praat uit-beleid beskryf word, waaronder die Praat uit-hulplyn, as u enige diskriminerende, teisterende, afknouende of vergeldende optrede raaksien of ervaar.

## Menseregte

Respek vir menseregte is fundamenteel tot Brambles en tot die gemeenskappe waarin ons werksaam is. Gevolglik voldoen ons aan alle wetgewing wat kinder-, slawe- of gedwonge arbeid, mensehandel en werkdiskriminasie of -teistering verbied. Ons voldoen ook aan alle loon- en werkurewetgewing, asook alle wetgewing wat met privaatheid, vryheid van assosiasie, kollektiewe bedinging, immigrasie en werktyd verband hou. Spesifiek:

### Kinderarbeid

Ons duld nie kinderarbeid in ons eie werksaamhede of in dié van ons verskaffers nie. Ons glo dat alle arbeid skadelik, uitbuitend of vernietigend is as dit op 'n te vroeë ouderdom begin. Gevolglik neem ons nie kinders in diens – en ons doen nie sake met verskaffers wat kinders in diens neem nie – jonger as 15, jonger as die ouderdom om verpligte opvoeding te voltooi of jonger as die minimum ouderdom vir indiensneming in die land nie, watter ook al die hoogste is. Daarbenewens sal ons nie enige persoon jonger as 18 in diens neem as hy of sy dalk by werk betrokke mag wees wat as gevaarlik gekategoriseer kan word nie, en ons sal nie verskaffers duld wat dit doen nie.

### Gedwonge arbeid

Ons verbied – in ons eie werksaamhede en dié van ons verskaffers – die aanwending van alle vorms van gedwonge arbeid, waaronder tronkarbeid, kontrakarbeid, gebonde arbeid, militêre arbeid, slawearbeid en enige vorm van mensehandel.

### Wees 'n bondgenoot

Praat uit as u vermoed iemand is geteister of afgeknou. Dit is deurslaggewend om die regte en gelykheid van u kollegas by Brambles te bevorder, te beskerm, daarvoor op te staan en dit te erken. As u immers 'n situasie in die gesig staar waarin u voel dat u geteister of afgeknou is, sal u wil hê dat u kollegas namens u uitpraat.

## Vryheid van assosiasie

Ons respekteer die individu se reg tot vryheid van assosiasie. Ons betrek ons werknemers deur sowel kollektiewe as individuele ooreenkomste in ooreenstemming met plaaslike wetgewing, gebruik en praktyk.

## Werknemerprivaatheid

By Brambles respekteer en beskerm ons individuele privaatheid en sal persoonlike data in ooreenstemming met Brambles se Wêreldwye privaatheidsbeleid, Wêreldwye beleid oor dataprivaatheid vir werknemers en Addendum vir die Europese Unie aanwend, onderhou en oordra. Daarby sal ons die volgende doen:

- Rekenaar-, fisiese en prosedurele veiligheidsmaatreëls instel om die veiligheid en vertroulikheid van die persoonlike data te beskerm wat ons inwin;
- Slegs behoorlik opgeleide en gemagtigde individue toelaat om toegang tot persoonlike data te verkry, en
- Aan alle toepaslike wetgewing oor dataprivaatheid voldoen.

As 'n werknemer van Brambles moet u alle persoonlike data waartoe u toegang het, veilig en vertroulik hou. Hou die volgende vyf stappe in gedagte om dit te doen:

1. **Analiseer.** Watter persoonlike data het u en tot watter persoonlike data kan u toegang verkry? Moenie net aan e-pos dink nie. Hou ook papierlêers in gedagte, en toegang tot stelsels, gedeelde lêers en lêerkamers.
2. **Skaal af.** As u nie toegang tot iets moet hê nie, moenie dit hou nie. Kontak die betrokke stelseladministrateur om u toegang te verminder of te verwyder. Die afskaling van die persoonlike data wat u het, maak dit makliker om die inligting te beskerm wat u nodig het.
3. **Beveilig.** As u persoonlike data het, is u daarvoor verantwoordelik om dit te beveilig.
4. **Vernietig.** As u dit nie nodig het nie, moenie dit hou nie. Tensy u wetlik verplig word om persoonlike data te hou, skrap elektroniese inligting en vernietig papierafskrifte in ooreenstemming met Brambles se Wêreldwye beleid oor behoud.
5. **Bly waaksaam.** U is ons beste bate vir die beskerming van persoonlike data. As u byvoorbeeld 'n e-pos van iemand ontvang wat u nie ken nie, moenie dit oopmaak nie en moenie die e-pos beantwoord nie. Verifieer die gepastheid van die e-pos deur die afsender te bel, of meld dit aan as verdag.

Vir meer inligting oor Brambles se verbintenis tot menseregte, gaan asseblief Brambles se Beleid oor diversiteit, Beleid oor menseregte, Wêreldwye privaatheidsbeleid, Wêreldwye beleid oor dataprivaatheid vir werknemers, en Addendum vir die Europese Unie na.

## Ons vermy belangebotsings by die werkplek

Ons sal alle situasies vermy wat 'n botsing van ons persoonlike belange en die belange van Brambles kan skep of so mag lyk. Ons sakebesluite moet gerig word deur goeie oordeel, objektiwiteit en lojaliteit teenoor Brambles en ons aandeelhouers – nie deur ons persoonlike belange nie.

### Belangebotsings

**V: Kan u 'n paar voorbeelde van belangebotsings verskaf?**

**A: Voorbeelde kan die volgende insluit:**

- Die aanstelling van 'n vervoermaatskappy wat u of u familie besit om logistieke steun aan Brambles te verskaf.
- Die stigting van u eie maatskappy wat soortgelyke produkte en dienste as Brambles verskaf.
- Die verskaffing van konsultasiedienste aan 'n maatskappy wat meer werk by Brambles wil hê.
- Die aanvaarding van geskenke of reise van 'n verskaffer en dan die toekenning van werk aan daardie verskaffer.

## Buiteaktiwiteite

As werknemers van Brambles moet ons buiteaktiwiteite vermy, soos 'n tweede werk, direkteurskappe of raadslidmaatskap, wat dalk ons lojaliteite kan verdeel of by ons verpligtinge teenoor Brambles inmeng.

Ons weet betrokkenheid by aktiwiteite buite Brambles kan tot persoonlike groei lei en vaardighede verhoog. Wees egter bewus daarvan dat u dalk teen belangebotsings sal moet waak. Voordat u by buiteaktiwiteite betrokke raak, moet u verseker dat niks inmeng by u vermoë om alle sakebesluite in die beste belang van Brambles te neem nie. Dit beteken die volgende:

- Niks wat u doen, mag inmeng met u vermoë en verantwoordelikheid om besluite objektief en sonder vooroordeel te neem nie.
- As u persoonlike finansiële aktiwiteite dalk kan inmeng of potensieel kan inmeng met u verpligtinge teenoor Brambles, moet u dit aan u bestuurder of 'n lid van die regs- of mensehulpbronspan verklaar.
- U moet finansiële belange verklaar wat u by 'n maatskappy het waar u persoonlik Brambles se sakewerksaamhede met daardie maatskappy kan beïnvloed.

Brambles se doel is nie om u te verhoed om geleenthede tot verryking of professionele ontwikkeling na te jaag nie, maar om te verseker dat sulke geleenthede nie met die maatskappy se belange bots nie. Die verklaring van 'n belangebotsing of 'n potensiële belangebotsing beteken nie altyd dat u verhoed sal word om iets te doen nie. Dit mag selfs moontlik wees om met Brambles saam te werk om 'n aanvaarbare oplossing te vind.

### Onthou, dit is nie altyd "Nee" nie, maar dit is altyd "Om te weet"

'n Belangebotsing is nie noodwendig 'n oortreding van Brambles se gedragskode nie. Versuim om 'n botsing behoorlik te verklaar verbreek egter altyd die kode.

Die verklaring van potensiële belangebotsings stel u bestuurder en Mensehulpbronne in staat om risiko's te verlaag wat dalk u sakebesluite kan beïnvloed.

## Verhoudings by die werkplek

Brambles is daartoe verbind om te verseker ons werkplek is regverdig en onbevlek deur persepsies van begunstiging. Terwyl ons verstaan dat persoonlike verhoudings (hetsy familiêr of romanties) in ons werkomgewing sal ontwikkel, wil ons (waar plaaslike wetgewing dit toelaat) u met respek dog sterk aanmoedig om u bestuurder in kennis te stel sou dit gebeur. Dit is besonder belangrik wanneer sulke situasies ontwikkel in 'n funksionele of lynbestuurskapasiteit, want dit kan dalk die vermoë beïnvloed om deel te neem aan enige diensbesluit wat die ander kan affekteer. Sou wesenlike kommer en risiko's ontwikkel, kan geleenthede oorweeg word om een of albei die partye na 'n ander deel van die onderneming te verplaas sonder verlies aan status of bepalings en voorwaardes, onderhewig aan plaaslike wetgewing. Terwyl ons verwag dat alle verhoudings uit vrye wil ontwikkel, is ons bewus van die magsbalans wat in verhoudings by die werkplek kan bestaan. Enige voorbeelde wat ons beleide oor teistering en afknouing oortree, sal hanteer en ondersoek word, en met die grootste erns bejeën word wat afdanking kan insluit. U moet uself vertroud maak met u plaaslike beleide en indien u enige kwellings het, moet u dit regstreeks onder die aandag bring van enige lid van die regs- of mensehulpbronspan, of deur een van die meganismes wat in die Praat uit-beleid beskryf word, waaronder die Praat uit-hulplyn.



# DIE BESKERMING VAN DIE VOORSIENINGSKETTING

- Regverdige mededinging
- Teenbedrog
- Teenomkopery
- Teengeldwassery
- Sanksies
- Belasting
- Ons verwag van ons verskaffers om die beginsels te gehoorsaam wat in ons kode uiteengesit word



# Die beskerming van die voorsieningsketting

Alles begin met die klant. Dit beteken ons werk om uitstaande waarde aan ons klante te lewer terwyl ons altyd die kode en ons hoë standaarde van integriteit handhaaf.

Om 'n etiese maatskappy te wees beteken om sake openlik en eerlik te doen, en mededingende voordeel deur streng, regverdige en doeltreffende sakepraktyke na te jaag. Ons mag nie enige stap doen wat enige toepaslike wetgewing, regulasie of beleid van Brambles oortree nie, waaronder enige wetgewing, regulasie of beleid van Brambles wat verband hou met mededinging, bedrog, omkopery, geldwassery, handelsanksies en beperkings, of belasting.

## Regverdige mededinging

Wetgewing oor mededinging is ontwerp om mededinging te bevorder en klante teen onregverdige sakepraktyke te beskerm. Hierdie wetgewing, en Brambles se beleide, verbied optrede wat as samespannend of teenmededingend beskou word, soos prysvasstelling, bodkonkelry, die onderverdeling van klante of markte, die beperking van beskikbaarheid van produkte of dienste, of die weiering om met spesifieke sakevennote om ontoelaatbare redes te handel. By Brambles erken ons dat onmededingende optrede nadelig vir ons klante is, ons binnewaarts laat kyk en selfvoldaan maak, en onaanvaarbaar vir die samelewing as geheel is. Ons passie vir sukses beteken die volgende:

- Ons sal regverdig meeding gegrond op die sterkte van ons produkte en dienste en in ooreenstemming met die wetgewing oor mededinging in die markte waarin ons werksaam is, en
- Ons sal nie betrokke raak by prysvasstelling of bodkonkelry, ons klante of markte onderverdeel, die beskikbaarheid van produkte of dienste beperk of om ontoelaatbare redes weier om met spesifieke sakevennote te handel nie.

Raadpleeg asseblief die Wêreldwye handleiding oor voldoening aan mededinging vir meer inligting oor Brambles se verbintenis tot regverdige mededinging.

## Teenbedrog

Bedrog is sowel oneties as onwettig. Bedrog kom voor wanneer iemand lieg, kul, bedrieg of steel – hetsy met woorde, dade of iets wegsteek wat verklaar moet word – om 'n voordeel te verkry of iemand anders te benadeel. Voorbeelde van bedrog kan die volgende insluit:

- Die indiening van vals uitgaweverslae;
- Die wanbesteding van Brambles se bates of die misbruik van Brambles se eiendom;
- Die ongemagtigde hantering of rapportering van transaksies, soos om uitgawes onbehoorlik na 'n ander rekeningkundige tydperk uit te stel of inkomste onbehoorlik aan te toon wat in 'n ander rekeningkundige tydperk hoort;
- Die vervalsing of wysiging van dokumente, waaronder die vervalsing of wysiging van enige dokumente om onderhandelbare instrumente of elektroniese oordragte, kredietoordragte of bankoordragte onbehoorlik te ontlok, en
- Die onbehoorlike wysiging of manipulering van finansiële rekords of finansiële state.

Elkeen van ons by Brambles is verantwoordelik vir die voorkoming en aanmelding van bedrog. Gevalle van werklike of potensiële bedrog moet by u bestuurder of 'n lid van die regspan aangemeld word, of deur die meganismes te gebruik wat in die Praat uit-beleid beskryf word, waaronder die Praat uit-hulplyn.

### Doen die regte ding. . . Ons gaan oor voldoening

Voldoening aan wetgewing oor mededinging verhoed Brambles nie om sterk, regverdig en doeltreffend mee te ding nie. Brambles se passie vir sukses beteken ons sal suksesvol meeding binne die perke van alle toepaslike wetgewing oor mededinging.



## Teenomkopery

By Brambles is ons daartoe verbind om te voldoen aan alle toepaslike wetgewing en standaarde oor teenkorrupsie in die lande waarin ons werksaam is, waaronder Australië se strafregtelike kode (Australia's Criminal Code), Brittanje se wet op omkopery (UK Bribery Act) en die Amerikaanse wet op buitelandse korrupte praktyke (US Foreign Corrupt Practices Act). Korrupte praktyke is dus onaanvaarbaar. Dit beteken die volgende:

- Ons verbied omkopery, onder-die-tafelgeld, invloedsmousery en ander korrupte betalings in alle sakehandelinge, in elke land oor die hele wêreld, met sowel staatsinstellings as -amptenare (onder wie werknemers van maatskappye in staatsbesit) en die private sektor;
- Ons sal nie regstreeks of onregstreeks enigiets van waarde aanbied, beloof, maak of magtig aan enigiemand om 'n onbehoorlike sakevoordeel te verkry nie;
- Ons sal Brambles se riglyne oor geskenke en gasvryheid volg soos dit in die Beleid oor teenomkopery uiteengesit word. Daarby sal ons onthou dat die gee van geskenke, gasvryheid of enigiets anders van waarde aan staatsamptenare, onder wie onder meer werknemers van entiteite in staatsbesit of onder staatsbeheer, hoogs gereguleer en dikwels verbode is. Ons sal nie sulke geskenke of gasvryheid gee tensy ons die goedkeuring van die groep vir die voorkoming van omkopery verkry het nie;
- Ons sal nie namens Brambles politieke donasies maak nie, en
- Ons sal Brambles se omsigtingheidsprosedures volg en vereis dat enige derde party wat Brambles verteenwoordig sorgvuldig uitgesoek word en voldoen aan Brambles se Beleid oor teenomkopery en die beginsels wat in die Beleid oor verskaffers uiteengesit word.

Raadpleeg asseblief die Beleid oor teenomkopery vir meer inligting oor Brambles se geen verdraagsaamheid vir omkopery en korrupsie nie.

### Doen die regte ding. . . Ons gaan oor voldoening

Ons sal slegs gepaste sakehoflikheidsvorme – geskenke en gasvryheid – aanbied en aanvaar om ons reputasie as 'n betroubare sakevennoot gestand te doen.

Soos in die Beleid oor teenomkopery, uiteengesit word, mag geskenke of gasvryheid u nooit verhoed om regverdige en onpartydige besluite te neem of die indruk skep dat dit u verhoed het om regverdige en onpartydige sakebesluite te neem nie. Gevolglik is geskenke en gasvryheid (gegee of ontvang) nooit gepas in die aanloop tot of gedurende 'n tenderproses of kontrakonderhandelinge nie.

**Op voorwaarde dat daar geen tender of voortgesette onderhandelings is nie (en op voorwaarde dat geen staatsamptenare betrokke is nie), geld die volgende:**

- Gasvryheid word toegelaat op voorwaarde dit is beskeie, redelik en gepas, en as die doel daarvan is om ons maatskappybeeld te verbeter, ons produkte en dienste aan te bied of om sakeverhoudings te vestig of te handhaaf.
- Geskenke mag gegee of aanvaar word as dit ongereeld is, vir die uitsluitlike doel om 'n sakeverhouding aan te kweek of te verbeter en onder die monetêre drempels is soos in die Beleid oor teenomkopery uiteengesit word. Soos in die Beleid oor teenomkopery uiteengesit word, vereis geskenke wat sekere monetêre drempels oorskry die goedkeuring van 'n bestuurder of van die groep vir die voorkoming van omkopery.

## Teengeldwassery

Brambles is daartoe verbind om te voldoen aan alle toepaslike wetgewing en regulasies oor teengeldwassery en die finansiering van terrorisme. Dit beteken Brambles sal slegs sake doen met klante en verskaffers wat by wettige sakewerksaamhede betrokke is met geld wat uit wettige bronne kom. As 'n werknemer van Brambles moet u die volgende doen:

- Die klante en verskaffers ken saam met wie u werk. U moet soveel inligting of dokumentasie inwin en begryp as wat nodig is om te verseker hulle is by wettige sakewerksaamhede betrokke en dat hul fondse uit wettige bronne kom;
- Volg alle prosedures vir die sifting van klantwaaklyste en derdepartyomsigtigheidsprosedures;
- Volg alle riglyne van Brambles oor aanvaarbare vorms van betaling, en
- Wees op die uitkyk vir en meld enige tekens van of rooi ligte oor potensiële geldwassery of ander onwettige aktiwiteite by u bestuurder of by die regspan aan, of gebruik die meganismes wat in die Praat uit-beleid beskryf word, waaronder die Praat uit-hulplyn.



## Geldwassery

**V: Kan u 'n paar voorbeelde van geldwassery gee?**

**A: Voorbeelde of rooi ligte oor geldwassery kan die volgende insluit:**

- Pogings deur 'n klant om vals inligting vir die opening van 'n rekening te verskaf;
- Aanbiedinge om kontant te betaal gevolg deur versoeke om terugbetalings;
- Bestellings, aankope of betalings wat ongewoon of teenstrydig met 'n klant se onderneming of vorige sakepraktyk is, en
- Ongewone geldoordragte aan of vanaf lande wat onverwant aan die saketransaksie is.

Minder klaarblyklike voorbeelde of rooi ligte oor geldwassery, spesifiek vir verkope aan of aankope uit lande wat beheermaatreëls oor buitelandse valuta handhaaf, kan ongewone versoeke van sakevennote as 'n akkommodasie tot die verhouding insluit. Die volgende kan voorbeelde wees:

- 'n Versoek om 'n entiteit te faktureer wat nie ons sakevennoot is nie en geen klaarblyklike rol in die transaksie het nie;
- Oorplasing van fondse na 'n sakevennoot in 'n ander land as waarin die sakevennoot werksaam is (buitelandse betalings), of
- Terugbetaling van betalings aan 'n ander entiteit as die entiteit wat die betalings in die eerste plek aan Brambles gemaak het.

Hierdie rooi ligte kan soms op 'n ontduiking van plaaslike belastingwetgewing of plaaslike beheermaatreëls oor buitelandse valuta dui wat die grondslag vir geldwassery vorm.

## Sanksies

As 'n internasionale maatskappy is Brambles daartoe verbind om aan alle handelsanksies en -beperkings te voldoen – waaronder embargo's, ekonomiese sanksies, doeane, produk- of land-van-oorsprongmerke en wetgewing en regulasies oor teenboikotte – wat van toepassing is op die lande waarin ons sake doen. Om aan hierdie verbintenis te voldoen moet u die volgende doen:

- Volg alle sakeprosedures wat verband hou met die invoer van goedere of die uitvoer van goedere, sagteware of tegnologie;
- Volg alle prosedures oor sifting van klantwaaklyste en omsigtigheidsprosedures van derde partye om te verseker dat Brambles nie sake doen in lande of met mense of entiteite wat aan 'n regime van sanksiewaaklyste onderhewig is nie;
- Gebruik net doeaneagente wat deur Brambles goedgekeur is, en
- Rapporteer akkurate, volledige en tydige inligting oor invoerdokumentasie en -verklarings.

Brambles het 'n Beleid oor sanksies aanvaar om u by te staan om aan hierdie vereistes te voldoen. Dit is belangrik om te onthou dat hierdie Beleid oor sanksies, wat onder meer omvattende landswye verbod en die universele toepassing van die Australiese regime van sanksies aan alle maatskappye in die Brambles-groep oplê, dikwels strenger as toepaslike plaaslike wetgewing is.

## Belasting

Brambles is daartoe verbind om aan belastingwetgewing te voldoen, en om eerlike, konstruktiewe verhoudings met belastingowerhede te hê. Belastingwetgewing is inherent kompleks. Brambles probeer om aan die wetgewing te voldoen deur die regte hoeveelheid belasting in die regte jurisdiksie te betaal, toepaslike inligting bekend te maak, en steun en aansporings te benut indien dit beskikbaar is. Ons is ten gunste daarvan dat ons maatskappy se belastingbetalings en -prosesse meer deursigtig word om openbare vertroue te wen.

Daarby is ons daartoe verbind om die fasilitering van belastingontduiking te voorkom. In die praktyk beteken dit ons moet enige ongewone versoeke van klante, verskaffers, werknemers en kontrakteurs bevraagteken wat lyk of dit hulle uit 'n belastingoogpunt onbehoorlik bevoordeel. Voorbeelde hiervan is die gee van vals beskrywings van goedere en dienste, die fakturering van 'n ander maatskappy as die een waaraan die goedere of dienste verskaf is, die betaling van kontant vir dienste of na rekeninge in geheime buitelandse jurisdiksies, instemming tot wysigings aan die beskrywings van uitgawes of betalings aan personeel wat hul belastingpligtigheid sal verminder.

Raadpleeg asseblief die Beleid oor belasting, vir meer inligting oor Brambles se verbintenis tot groter deursigtigheid rakende belastingbetalings en -prosesse, en as u enige kwellings het of 'n probleem vermoed, kontak asseblief u bestuurder of die regspan, of gebruik een van die meganismes wat in die Praat uit-beleid beskryf word, waaronder die Praat uit-hulplyn.



## Ons verwag van ons verskaffers om die beginsels te gehoorsaam wat in ons kode uiteengesit word

Ons is daartoe verbind om 'n verantwoordelike en waardevolle vennoot in die voorsieningsketting te wees, om voort te gaan om 'n volhoubare onderneming te bou wat sy klante, werknemers en aandeelhouers bedien asook die gemeenskappe waarin hulle woon.



'n Sterk en dinamiese verskaffersbasis is deurslaggewend tot ons langtermynsukses. Ons maak staat op die kundigheid en vaardigheid van verskaffers om aan klante se veranderende behoeftes te voldoen, en ons werk net met verskaffers wat aan alle toepaslike wetgewing voldoen, waaronder alle toepaslike wetgewing oor arbeid, indiensneming, die omgewing, menseregte, lone en werksure, en gesondheid en veiligheid. Waar 'n verskaffer nie hierdie standaarde handhaaf nie sal Brambles gepaste stappe doen wat die beëindiging van die verskaffersverhouding kan insluit.

Brambles se verbintenis tot regverdige en wettige praktyke met sy verskaffers kan in die Beleid oor verskaffers.

### Doen die regte ding. . . Ons gaan oor voldoening

Ons kan aanspreeklik gehou word – wat reputasie betref en soms geregtelik– vir die optrede van ons verskaffers wanneer hulle namens ons optree. Gevolglik moet u die volgende verseker:

- Dat ons slegs met verskaffers werk wat ons waardes en ons hoë standaard van integriteit in hul eie ondernemings en in dié van hul voorsieningskettings handhaaf. Verskaffers moet instem om aan al die toepaslike aspekte van die kode en Brambles se beleide te voldoen, waaronder die Beleid oor verskaffers.
- Dat u belangebotsings vermy wanneer u op 'n verskaffer besluit en nooit onvanpaste geskenke of ander items van waarde aanvaar nie.
- Dat as u onveilige werkomstandighede of vermeende verbrekings van menseregte in ons voorsieningsketting raaksien, u uitpraat. Meld die saak by u bestuurder of enige lid van die regs- of mensehulpbronspan aan, of bel die Praat uit-hulplyn.
- Dat u gepaste herstellende of korrektiewe stappe doen, wat in sommige gevalle die beëindiging van 'n kontrak kan insluit, nadat u daarvan bewus geword het dat 'n derde party versuim het om aan die toepaslike aspekte van die kode of Brambles se beleide te voldoen, waaronder die Beleid oor verskaffers.

# DIE BESKERMING VAN ONS MAATSKAPPY EN ONS AANDEELHOUERS

- **Ons beskerm Brambles se bates en hulpbronne**
- **Vertroulike inligting**
- **Intellektuele eiendom**
- **Die bestuur van rekords en geregtelike terughoudings**
- **Aandeleverhandeling**
- **Eerlike en akkurate rapportering**
- **Ons kommunikeer verantwoordelik: Deurlopende openbaarmaking en kommunikasie**



## Die beskerming van ons maatskappy en ons aandeelhouers

By Brambles beskerm ons ons vertroulike inligting sowel as die vertroulike en persoonlike inligting van ons werknemers, ons klante en ons verskaffers, en ons beskerm ons bates teen diefstal, verlies en misbruik. Ons hou akkurate en betroubare rekords, en ons vermy selfs die skyn van bedrog of onbehoorlikheid.

### Ons beskerm Brambles se bates en hulpbronne

Ons moet Brambles se bates – waaronder die geboue of aanlegte waarin ons werk; die palette, kratte, houers, vate of skroottoerusting wat ons besit, die tegnologie wat ons aanwend om ons werk te doen, en die rekenaars en slimfone wat ons met mekaar verbind – teen diefstal, verlies en misbruik beskerm. U moenie Brambles se bates vir die volgende gebruik nie:

- Persoonlike gewin, of
- Vir enigiets onwettigs of oneties.

Persoonlike gebruik van sommige bates kan dalk toegelaat word, binne perke en soos deur plaaslike beleide en prosedures toegelaat, maar u gebruik daarvan moet gepas, ongereeld en wettig wees, en dit moet nooit inmeng met u werk of u kollegas se werk by Brambles nie. Onthou dat enige inligting wat u skep, deel of op Brambles se stelsels aflaai aan Brambles behoort, en ons behou die reg voor om stelselgebruik enige tyd te monitor in die mate waarin wetgewing dit toelaat.

### Vertroulike inligting

Deurslaggewend tot Brambles se sakesukses is ons beskerming van vertroulike inligting, waaronder persoonlike data wat aangewend kan word om ’n individu te identifiseer, soos naam, adres, telefoonnommer en e-posadres. Elkeen van ons moet die privaatheid en veiligheid van daardie inligting respekteer en beskerm. U mag vertroulike inligting slegs inwin, aanwend en toegang daartoe verkry soos gemagtig deur ons beleide oor privaatheid en veiligheid, waaronder ons Wêreldwye privaatheidsbeleid, Wêreldwye beleid oor dataprivaatheid vir werknemers en Addendum vir die Europese Unie, en toepaslike wetgewing oor databeskerming.



### Intellektuele eiendom

Patente, kopieregte, handelsmerke en handelsgeheime is waardevolle bates van Brambles. U moet ons intellektuele eiendom beskerm en onthou dat Brambles alle werkprodukte besit (soos idees, prosesse en uitvindings) wat u ontwikkel of ontwerp in u werk vir ons in die mate waarin wetgewing dit toelaat. Hierdie eienaarskap duur voort, selfs al verlaat u Brambles. Praat uit as u bewus is daarvan of vermoed dat Brambles se intellektuele eiendom misbruik word.

### Doen die regte ding. . . Ons gaan oor voldoening

Ons klante en ons verskaffers vertrou ons met vertroulike inligting. Die beskerming van hierdie vertroulike inligting is ’n belangrike verantwoordelikheid. Ons moet dus verseker dat ons alle gepaste stappe te doen wanneer ons toegang verkry tot vertroulike inligting of dit aanwend.




## Die bestuur van rekords en geregtelike terughoudings

Elkeen van ons is verantwoordelik vir die integriteit van die rekords onder ons beheer. U moet die Wêreldwye beleid oor rekordbehoud en Skedule ken en volg wat verband hou met die onderhouding, berging en wegdoening van rekords. Moet nooit inligting vernietig of daarmee wegdoen wat dalk vir 'n ondersoek, 'n oudit of 'n regsgeding nodig sal wees nie. As u 'n wetlike-houvaskennisgewing ontvang, volg die instruksies daarin, en as u onseker is oor wat vereis word, raadpleeg asseblief die Wêreldwye beleid oor rekordbehoud of kontak enige lid van die regspan.

## Aandeleverhandeling

Direkteurs en werknemers moenie Brambles-aandele koop of verkoop as hulle in besit is van pryssensitiewe inligting wat nie algemeen aan die mark beskikbaar is nie. Dit beteken onder meer dat u die volgende moet doen:

- Moet nooit Brambles-aandele koop of verkoop nie, hetsy regstreeks of deur familielede of ander persone of entiteite, terwyl u bewus is van pryssensitiewe inligting wat nie algemeen aan die mark beskikbaar is nie en wat die prys van daardie aandele kan laat styg of daal, en
- Moet nooit aanbeveel of voorstel dat enigiemand anders Brambles-aandele koop of verkoop nie terwyl u bewus is van pryssensitiewe inligting wat nie algemeen aan die mark beskikbaar is nie en wat die prys van daardie aandele kan laat styg of daal.

Raadpleeg asseblief Brambles se Beleid oor effekteverhandeling vir meer inligting oor hierdie onderwerp.

## Eerlike en akkurate rapportering

Akkurate rekordhouding en -aantekening help ons om aan ons wetlike en regulatoriese verpligtinge te voldoen en handhaaf ons reputasie en geloofwaardigheid in die markte waarin ons werksaam is. Ongeag ons rol, elkeen van ons het 'n verantwoordelikheid om te verseker Brambles se sake- en finansiële rekords is eerlik, volledig, akkuraat en regverdig.

### Wat is 'n geregtelike terughouding?

Wanneer ons redelike gronde het om 'n regsgeding te verwag, kan u dalk deur die regspan aangesê word dat dokumente – ongeag die formaat daarvan – bewaar moet word wat op die saak of die ondersoek van toepassing is. Wanneer u hiervan bewus word, moet u alle stappe doen wat nodig is om te verseker dit word bewaar en nie vernietig nie.

## Ons kommunikeer verantwoordelik: Deurlopende openbaarmaking en kommunikasie

Ons is daartoe verbind om te verseker dat volledige, regverdige en akkurate inligting oor Brambles se sake tydig aan ons aandeelhouers beskikbaar gestel word en spesifiek om te verseker die Australiese aandelebeurs word behoorlik in kennis gestel van enigiets wat waarskynlik 'n wesenlike invloed op Brambles se aandeelprys sal hê.

Soos uiteengesit in die Groepriglyne vir die rapportering van ernstige voorvalle, moet ons bestuurders enigiets ernstigs en onverwags onder die aandag van Brambles se leierskorps bring sodat die leierskorps dan kan besluit wat gedoen moet word en bepaal of en hoe die inligting sowel intern as ekstern gekommunikeer moet word. Dit kan die volgende insluit:

- Sterfte onder die arbeidsmag, kontrakteurs of die publiek;
- Voorvalle wat tot ernstige omgewingskade lei (of potensieel daartoe lei);
- Werklike of poging tot die omseiling van rekeningkundige beleide, interne rekeningkundige of ouditeringsaangeleenthede, waaronder bedrog of doelbewuste foute in die voorbereiding, evaluering, hersiening of ouditering van Brambles se finansiële rekords, of wanvoorstellings of vals verklarings oor aangeleenthede wat in Brambles se finansiële rekords, finansiële verslae of ouditverslae vervat word;
- Werklike of potensieel onwettige optrede, of wesenlike bedrog of belangebotsings;
- Werklike of potensiële oortredings van die Amerikaanse wet op buitelandse korrupte praktyke (US Foreign Corrupt Practices Act), Brittanje se wet op omkopery (UK Bribery Act) of enige ander wetgewing verwant aan teenomkopery of -korrupsie, en
- Voorvalle wat lei tot (of potensieel lei tot) wesenlike negatiewe media- of openbare aandag, strafregtelike vervolging of groot gedingvoering, wesenlike bedryfstydverlies of eiendomskade, of finansiële aanspreeklikheid (ná versekering) van meer as 400 000 Britse pond, 500 000 Amerikaanse dollar, 1 000 000 Australiese dollar of 600 000 euro.

Soveel te beter as 'n probleem daarná verdwyn, maar geen bestuurder moet daarmee sit en wag om te sien wat gebeur nie. Alle bestuurders sal waarskynlik die een of ander tyd 'n ernstige en onverwagte probleem in die gesig staar. Ongelukke gebeur, ondanks die beste beplanning. Brambles se leierskorps behoort nooit te wete te kom van 'n ernstige of onverwagse probleem bekend aan 'n bestuurder vanaf ontleders, die media of 'n ander bron van buite nie.

Stel onmiddellik u bestuurder in kennis as u bewus is van 'n ernstige of wesenlike en onverwagse voorval. U bestuurder is daarvoor verantwoordelik om die inligting hoër op te stuur.

Om te verseker dat die regte inligting ekstern vrygestel word, is daar sekere mense binne Brambles wat gemagtig is om openbare verklarings aan die media, beleggers en ontleders te maak. Niemand anders moet met daardie eksterne partye kommunikeer nie. Openbare verklarings sluit in kommunikasie deur sosiale media of sosialenetwerktegnologieë. Raadpleeg asseblief Brambles se Beleid oor deurlopende openbaarmaking en kommunikasie.

Nie alle ernstige voorvalle hoef ekstern gerapporteer te word nie, maar dit is 'n kwessie vir Brambles se leierskorps om oor te besluit. Dit is die verantwoordelikheid van almal van ons by Brambles om die interne rapporteringsriglyne te volg om seker te maak Brambles se leierskorps het so gou moontlik al die nodige feite sodat hulle 'n ingeligte besluit kan neem.

### Doen die regte ding. . . Ons gaan oor voldoening

Gebruik altyd gesonde verstand wanneer u besluit of Brambles se leierskorps van 'n probleem bewus gemaak moet word. Meld dit aan as u twyfel.

### Doen die regte ding. . . Ons gaan oor voldoening

Gebruik sosiale media omsigtig. Onthou, daar is nie 'n ding soos 'n "skrap"-knoppie nie. Raadpleeg asseblief Brambles se Beleid oor sosiale media, vir meer inligting, wat basiese beginsels neerlê, asook 'n lys van moets en moenies.

# DIE BESKERMING VAN ONS GEMEENSKAPPE

- **Ons is omgewingsverantwoordelik**
- **Ons ploeg terug in ons gemeenskappe**
- **Persoonlike politieke aktiwiteite**
- **Die nagaan van die kode**



## Die beskerming van ons gemeenskappe

Ons erken ons verantwoordelikheid om sake te doen op 'n manier wat die gemeenskappe beskerm en verbeter waarin ons woon en werk.

### Ons is omgewingsverantwoordelik

Brambles is omgewingsverantwoordelik. Dit word die beste geïllustreer deur ons verbintenis tot geen skade nie wat, soos hierbo uiteengesit, beteken ons is verbind tot geen beserings nie, geen omgewingskade nie en geen nadelige invloed op menseregte nie, asook ons verbintenis tot volhoubaarheid. Die kern van ons volhoubaarheidsprogram is ons sirkulêre "deel en hergebruik"-model wat onder meer emissies, afval en die vraag na en aanwending van natuurlike hulpbronne verminder, in sowel ons eie maatskappy as regoor die wêreld se voorsieningskettings waarin ons werksaam is. Ons doel is om vernuwende, doeltreffende, veilige en volhoubare sakeoplossings ter ondersteuning van ons klante te verskaf. Om ons te help om ons verbintenisse na te kom vra ons die volgende van u:

- Volg die handves oor geen skade nie en ondersteun pogings tot volhoubaarheid by die werkplek;
- Verminder u gebruik van energie en skakel elektriese toerusting af wanneer dit nie gebruik word nie;
- Minimeer die gebruik van kantoorprodukte deur slegs te gebruik wat nodig is;
- Minimeer drukwerk of ander gebruike van papier;
- Minimeer die gebruik van energie en verminder emissies en afval, en
- Doen weg met onvermydelike afval op 'n verantwoordelike manier en herwin altyd wanneer moontlik.

Raadpleeg asseblief Brambles se Beleid oor die omgewing, vir meer inligting oor ons verbintenis tot die omgewing wat wêreldwyd geld, selfs in lande wat dalk nog nie wetgewing oor die beskerming van die omgewing ingestel het nie.



### Ons ploeg terug in ons gemeenskappe

Gemeenskapsbetrokkenheid is 'n deurslaggewende deel van Brambles se missie, en dit is belangrik dat ons korporatiewe uitgawes in ooreenstemming met ons sakestrategieë is. Korporatiewe betalings aan belastingvrygestelde organisasies moet nagegaan en verwerk word in ooreenstemming met plaaslike beleide en Brambles se Gids oor prosedures vir finansiële bydraes tot gemeenskapsorganisasies.

### Persoonlike politieke aktiwiteite

Brambles maak nie politieke donasies nie. As werknemers van Brambles staan dit ons desondanks vry om by persoonlike politieke aktiwiteite betrokke te raak, solank die aktiwiteite nie met die tydige en bevredigende prestasie van ons werk by Brambles inmeng nie, ons ons individuele optredes en sienings van dié van Brambles onderskei en ons nie enige bates of hulpbronne van Brambles vir ons persoonlike politieke aktiwiteite aanwend nie. Daarbenewens mag ons onder geen omstandighede ander werknemers van Brambles dwing of druk op hulle uitoefen om politieke donasies of bydraes te maak nie.

### Die nagaan van die kode

Die raad van Brambles sal minstens een maal per jaar hierdie kode nagaan om seker te maak dit is bygewerk en dat dit steeds die verwagtinge van ons belanghebbendes en die gemeenskappe weerspieël waarin ons werksaam is.